**5.4.005 <u>Kerkplein</u>** [Erf nommer 276 in 1886]

<u>Uitsig vanuit die kerktoring, in noord-westelike rigting</u>



[1]

1. De Oude Pastorie

Hierdie is een van ‘n reeks foto’s wat in 1886 vanuit die kerktoring op Kerkplein geneem is [Pr-80, p. 66]. Die gebou op die voorgrond van die foto was bekend as De Oude Pastorie en was geleë op erf nommer 276. Aan die suidekant [voor] die huis is Kerkplein, links [westekant] is erf nommer 275, agter die huis [noordekant] is Vermeulenstraat, en oos grens dit aan Markstraat [vandag Paul Krugerstraat]. Daar bestaan geen inligting oor enige van die ander huise op die foto nie.

Die Oude Pastorie het ‘n lang en interessante voorgeskiedenis gehad wat uit die vroegste ontstaansjare van Pretoria dateer. Die gebou is oorspronklik in 1856 as ‘n ampswoning vir kmdt.-genl. M.W. Pretorius gebou. Nadat hy teen die einde van 1856 as die eerste president van die Zuid-Afrikaansche Republiek aangewys is, moes hy vanaf 1857 op Potchefstroom gaan woon en hy en sy gesin het dus nooit sy nuwe woonhuis in Pretoria betrek nie. Aanvanklik is dit tydelik bewoon deur die winkelier Henry Austen en sy gesin, die skoonseun en dogter van kapt. J.H.M. Struben.

Kaptein Struben het oorspronklik sy skool begin in ‘n buitekamer op die nabygeleë plasie Prinshof wat aan J.J. Prinsloo behoort het. Toe die buitekamer van Prinsloo in Oktober 1856 nie meer beskikbaar was nie, en die kerkgebou nog nie ver genoeg voltooi was om daarin skool te hou nie, het Struben se skool op 25 Oktober 1856 verskuif na een van die vertrekke van hierdie huis.

Vanaf Mei 1857 tot Mei 1862 was die gebou as landdrosgebou sowel as Volksraadsaal gebruik [Pr-041, p. 18].

Dit was in hierdie huis waar Andries du Toit in 1857 sy werksaamhede as landdros begin het. As landdros was hy ook die persoon verantwoordelik vir die pos en word die huis nou ook gebruik as poskantoor. Du Toit word in 1859 as landdros opgevolg deur J.J.P. Prinsloo en terselfdertyd word J.G.C. van Leenhof aangestel as landdrosklerk. Die poskantoor val nou onder Van Leenhof en in 1860 word hy aangestel as die eerste posmeester van Pretoria. Die poskantoor bly in die Pretorius-huis tot 1862, toe die huis ontruim moes word sodat dit as pastorie gebuik kon word. Die landdroskantoor skuif nou na ‘n gedeelte van die skoolgebou, maar dit is nie seker of die poskantoor ook daarheen verskuif het nie
[Pr-74, p. 37].

Op een tydstip was beide die landdroskantoor en die staatskantoor in dieselfde gebou gehuisves. Behalwe dat die landdros van Pretoria toesig gehou het oor die staatskantoor, was die twee verder blykbaar heeltemal van mekaar geskei, selfs soverre dit die bode en skoonmaker van die twee kantore aanbetref het. Dit lyk asof die goewermentsamptenare geen seggenskap gehad het oor of aanspraak gemaak het op die ondergeskikte amptenare wat in die aangrensende landdroskantoor werksaam was nie. Sonder enige vrees vir straf of teregwysing het die jonge heer B. Swanepoel, bode van die landdroskantoor, geweier om op versoek van die goewermentsekretaris die goewermentskantoor uit te vee. Met die staatsklerk het hy aan goewermentsekretaris Van der Linden laat weet: “Zeg aan hem ik ben zijn Hottentot niet, om het kantoor uit te vegen”. Die uiteinde van die saak was dat die goewermentsekretaris ‘n eie skoonmaker aangestel het [Rex-03, p. 1687].

Vanaf 1862 was dit die woonhuis van ds. Begeman, Pretoria se eerste vaste predikant, en vanaf 1876 was dit die pastorie van ds. Bosman. In 1877 besluit die Kerkraad om die pastorie te verkoop. Dit word in De Volksstem geadverteer as ‘n woonhuis met 6 kamers + kombuis, stalle en buitegeboue [V 1877-05-16].

Blykbaar kon hulle nie ‘n koper kry nie, want ‘n paar maande later word dit weer geadverteer en word nou beskryf as ‘n hoek-erf wat in vier verdeel kan word. Op die erf is ‘n groot huis, 55 voet lank met 7 kamers + ‘n “cottage” met twee kamers. Daar is ook ‘n groot tuin met baie lemoen-, perske- en appelkoosbome [V 1877-10-23].

Nog steeds is die huis nie verkoop nie. In 1878 besluit die Kerkraad om die huis te vergroot en vra ds. Bosman tenders vir ‘n aanbouiing aan die pastorie [V 1878-01-15].

Niemand kon nog ooit met sekerheid sê wie die oorspronklike huis gebou het nie. Rex meen dat dit William Skinner en die Devereux-broers was, of moontlik President Pretorius self. Dit was een van die eerste huise op Kerkplein. Wat my nog altyd gepla het was dat die huis op die foto nie lyk asof dit uit daardie vroeë tydperk kon kom nie. Nou het ek die verklaring gekry. Voordat ds. Begeman ingetrek het [einde 1862 of begin van 1863] is die huis eers verander, herstel en verbou. Die moontlikheid bestaan selfs dat die ou huis heeltemal afgebreek is en ‘n nuwe huis as pastorie gebou is. Die boukontrakteurs A.J. van der Veen en Zonen was verantwoordelik vir die werk. A.J. van der Veen het sy ambag as bouer en messelaar in Nederland geleer en sy opleiding was van so ‘n gehalte dat sy werk voldoen het aan goeie smaak en soliditeit. In sy bekendmaking in verband met sy firma verwys hy pertinent na ds. Begeman, wat blykbaar kennis gedra het van Van der Veen se bedrewe vakmanskap [Rex-03, p. 138].

<u>Bronne</u>

Pr-41 Rex, H.M. 1963. **Historiese besienswaardighede in en rondom Pretoria III.** Pretoriana, Nommer 41, April.

Pr-74 Emms, M. 1974. **The Post Office in Pretoria.** Pretoriana, Nommer 74 & 75, Maart-Junie. [foto p. 37]

Pr-80 Spies, F.J. du T. 1981. **Pretoria 1880-1881.** Pretoriana, Nommer 80, November. [foto p. 66]

Rex-03 Rex, H.M. 1956. **Geskiedenis van die eerste ou goewermentsgebou en sy voorlopers in Pretoria.** M.A.-Verhandeling, Universiteit van Pretoria.

V = De Volksstem

Rosa Swanepoel Versameling [Foto Kp4-007]